**Woensdag 4 Januarie**
**Skrifgedeelte: Jesaja 45:20-25**
**Fokusgedeelte: Jesaja 45:21**
**Roeping (1)**
Die heilsorde is die weg waarlangs die Vader die Seun se weldade vir ons verdien, deur die Gees laat deel kry (Rom. 8:14-17, 28-30). Daar is ’n uitwendige roeping en ’n inwendige roeping. Op grond van God se bevel in hierdie Skrifgedeelte (sien ook die groot opdrag in Matt. 28:18-20) moet die uitwendige roeping na almal gaan, moet die Woord aan “alle eindes van die aarde” verkondig word, dus nie net aan Israel nie – dit was ook Israel se taak om ’n “lig vir die nasies” te wees (Jes. 42:6).
Die volke moet hoor dat teenoor die nietige, nuttelose afgode wat nie kan verlos nie (vs 20), die HERE die enigste God is wat regverdig is en waarlik red (vs 21). Die evangelie is ’n tweesnydende swaard wat almal oproep, alle volke, om voor Hom te buig en sy Naam as enigste Koning en Verlosser te bely (vs 23), tot die lewe vir dié wat dit aanneem, tot die dood vir dié wat dit verwerp (vs 24; 2 Kor. 14-16; sien HK v/a 84).
Kragtens die HERE se genadige uitverkiesing en vrye welbehae kom die inwendige roeping deur die Heilige Gees alleen aan die uitverkorenes, word die bloed van Christus op hulle toegepas, en glo hulle daadwerklik. Dit is hulle wat na Hom sal kom (Joh. 6:37) en as vrug van hulle redding, bely: “Alleen in die HERE is volle geregtigheid en sterkte ...” (vs 24; Rom. 10:9-12) onder alle volke, hulle sal nie beskaamd staan nie, en daarom sal die “hele geslag van Israel” gered word; dit is nie die kinders van die vlees nie, maar die kinders van die belofte, wat glo, deur die ganse geskiedenis (Rom. 9:6-8; Gal. 3:16, 29).
Maar hulle wat die roeping wat na hulle kom, verwerp en verag, weier om te glo en bekeer, sal beskaamd staan en regverdig geoordeel word (vs 24), soos die Skrifte ook elders leer: *“Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom”* (Joh. 3:36).
*Sing: Psalm 96-1:1, 2, 3*
*Ds. S le Cornu (Slabbert) (Carletonville)*